

Moreletapark Gemeente Inligtingstuk: Proses rakende die toekoms van Moreletapark Gemeente Mei 2019

1. Agtergrond

Moreletapark Gemeente (MPG) streef daarna om Skrifgetrou te wees. Ons glo dat dit wat in die Bybel staan die waarheid, gesaghebbend, onfeilbaar en deur God geïnspireer is en dat ons nie daarvan wil afwyk nie. Die lering, prediking en onderskeie bedieninge wat in MPG plaasvind is gegrond op die beginsels van die Bybel. Verder glo ons in die werking van die Heilige Gees en dat die Heilige Gees in elke Christen teenwoordig is.

Ons gee erkenning daaraan dat die NG Kerk oor baie dekades heen 'n groot rol gespeel het in die vestiging en uitbou van die Christelike geloof in die land. Daar is egter tans tendense en besluite in die NG Kerk t.o.v. van Skrifgesag en -interpretasie wat vir ons kommerwekkend is, en ons laat besin oor die rol en posisie van MPG binne die NG Kerkverband. Die kwessie waarmee MPG worstel is die onderwerping aan 'n gesagstruktuur wat moontlik die Skrif op 'n post-modernistiese en liberale wyse interpreteer en die gesag daarvan bevaagteken. MPG is oortuig dat bogenoemde strominge 'n negatiewe en verdelende uitwerking binne die NG Kerkverband kan hê.

2. Aanloop en uitkomst

Die Kerkraad en Leraarspan het tydens die Kerkraadsvergadering van 14 Maart 2019 by 'n punt gekom waar ons, onder leiding van die Heilige Gees, ervaar het dat die Here MPG se pad bevestig en ons lei om te besin oor ons kerkwees en die rol wat ons as gemeente vervul. Tydens hierdie Kerkraadsvergadering is besluit om vir 'n tydperk van 40 dae te vas en te bid om God se wil te hoor vir die volgende:

- a) Die toekoms en rol van MPG insluitende MPG se rol binne die NG Kerkverband.
- b) Die moontlikheid van samewerking met Hillsong Geloofsgemeenskap.
- c) Die huidige finansiële uitdagings van die Gemeente.
- d) Die gehoorsaamheid en bereidwilligheid van gemeentedele om hulself beskikbaar te stel vir leiersposisies, insluitende te dien op die kerkraad.
- e) MPG se betrokkenheid in die gemeenskap, veral Plastic View/Woodlane Village wat tans heelwat onsekerheid in die gemeenskap ontlok.

Hierdie gebedspunte is vir vier weke afgekondig tydens die eredienste op Sondag as 'n poging om die gemeente ten alle tye deel te maak van die proses. Daar is ook gevra dat die gemeente terugvoer moet gee oor die leiding wat hulle van die Here ervaar het. Teen die einde van die 40 dae se vas en gebed het die leierskap weer op 25 April 2019 bymekaar gekom om die terugvoer vanuit die leierskap, gemeentedele en personeel te bespreek. Die terugvoer, wat telkens bevestig is, kan in twee kategorieë gedeel word:

Die eerste handel oor ons as gemeente se roeping en verhouding met God en sluit die volgende in:

- a) Ons persoonlike verhouding en intimiteit met God moet voorop staan en daarom is dit van kardinale belang om tyd in die Woord van God en in gebed te spandeer. Die Woord van God speel 'n uiters belangrike rol in ons soeke na en verstaan van God.
- b) Ons moet besef wie God is, dat God heilig is, dat ons 'n heilige ontsag en eerbied vir Hom moet hê en dat alles in die eerste plek net oor Sy verheerliking gaan.
- c) Dat Sondebelydenis baie belangrik is en dat nederigheid, diensbaarheid en eenheid binne die leierskap en die gemeente nagestreef moet word. Ons moet daarna strew om heilig te wees, want God is heilig.
- d) Dat ons as gemeente moet fokus op ons roeping om die Evangelie uit te dra en liefde teenoor alle mense te leef. Ons Koninkryksfokus moet alle bevolkingsgroepe en kulture in ons gemeenskap insluit.

**Moreletapark Gemeente Inligtingstuk:
Proses rakende die toekoms van Moreletapark Gemeente
Mei 2019**

- e) Dat ons leierskap vreesloos, met waagmoed en vasberadenheid moet opstaan vir die waarheid en die gesag van die Skrif.

Die tweede kategorie behels spesifieke terugvoer oor die vyf gebedspunte:

- a) Die meeste terugvoer ontvang het oor ons gemeente se rol en deel wees van die NG Kerk gehandel. Die huidige teologiese rigting en moontlike kontroversiële denkrigtings van die NG Kerk was van die aspekte wat kommer wek en daarom was alle respondente dit eens dat ons ons rol binne die NG Kerk moet heroorweeg. 'n Hele aantal Skrifverwysings het hierdie terugvoer vergesel.
- b) Die terugvoer oor die moontlike samewerking met Hillsong was positief maar daar is besluit om eers navorsing oor hul teologie te doen ten einde te besluit of dit ooreenstem met dit waarvoor MPG staan. Met inagneming van die gewigtige besluit oor MPG se rol en posisie in die NG Kerk staan die Hillsong saak eers oor sodat dit nie die eersgenoemde prosesse en besluite beïnvloed nie.
- c) Oor die afgelope vyf jaar het MPG se inkomste weens verskeie faktore gedaal. Die Here is ons Voorsiener maar bly dit ons verantwoordelikheid om ons volle offergawe te gee. Dus moet elke lidmaat by die Here seker maak dat dit wat hy/sy gee in lyn is met dit wat God verwag.
- d) Geen spesifieke terugvoer oor die leierskap is ontvang nie. Daar word voortdurend vir nederige, Geesvervulde leierskap gebid, veral gegewe die volgende kerkraadsverkiesing, sowel as vir die belangrike besluite wat geneem moet word.
- e) Die belangrikheid van ons betrokkenheid in die gemeenskap is herhaaldelik bevestig. Dit is MPG se hartsbegeerte en roeping om bo en behalwe ons gemeente ook die hele gemeenskap te dien en nie net sekere groeperinge nie. MPG het dus 'n belangrike versoeningsrol om te vervul.

Bogenoemde inligting is aan die gemeente gekommunikeer tydens die daaropvolgende eredienste.

3. Ons bekommernisse

Daar is verskeie aspekte binne die NG Kerkverband wat ons bekommer en wat ons in prosesse is om met die relevante leierskap binne die kerkstrukture op te neem. Die belangrikste hiervan is:

- a) Skrifgetrouheid en –gesag: Die risiko dat liberale en humanistiese besluite geneem word sonder dat die waarheid van die Skrif daarin weerspieël word. 'n Toenemende ontkenning van Skrifgesag en die belydenisskrifte van die kerk in aspekte soos die maagdelike geboorte, fisiese opstanding, bestaan van satan en voorskrifte vir die huwelik is vir MPG kommerwekkend.
- b) Hofuitspraak: Die onlangse hofsaak, waar onkerklike wyses in 'n wêreldse hof gebruik is eerder as om die kerklike weg en Bybelse beginsels te gebruik om die saak te besleg. Die hofuitspraak het na ons mening die onderhewigheid van die Skrif aan die land se Grondwet versterk.
- c) Teologiese opleiding: Daar heers wye kommer oor liberale tendense binne die teologiese opleiding by die drie fakulteite en die vraag is of hierdie kommer gegrond is, en of die leierskap van die kerk daadwerklik besig is om daaraan aandag te skenk?
- d) Die kerkmedia: Die Kerkbode word gebruik om die liberale standpunte te steun en uit te dra deur dié standpunte veel meer ruimte te gee as die gereformeerde denkwyses.
- e) Die missionale taak van die Kerk: Die huidige struktuur binne die NG Kerk maak dit vir MPG moeilik om sy Koninkryksvisie uit te leef.

Moreletapark Gemeente Inligtingstuk: Proses rakende die toekoms van Moreletapark Gemeente Mei 2019

Gegewe die bogenoemde neem die tendens onder ons lidmate toe dat hulle nie langer kans sien om deel van die NG Kerk te wees nie. Die lidmate is positief oor MPG, maar wil nie meer langer onder die NG Kerk sambreel staan waar die persepsie bestaan dat die Kerkverband se leierskap nie die Skrif se gesag erken of getrou nagevolg nie.

4. Waaroor die besluit nié gaan nie

Daar is 'n groot aantal aspekte wat *nie* 'n rol by die besluitneming gespeel het nie, onder andere:

- a) Hierdie besluit is nie geneem rondom finansies nie. Dit hou vir MPG weinig finansiële voordeel in om uit die NG Kerkverband te tree. Inteendeel, dit kan nadelig wees indien van die gemeentedele nie die besluit ondersteun nie.
- b) Die selfdegeslagverhoudings hofsaak het nie 'n direkte rol gespeel nie. Dit het wel 'n indirekte rol gespeel, aangesien dit die gebrek aan Skrifgetrouheid en –gesag binne die NG Kerkverband beklemtoon het. Die Skrif is duidelik oor selfdegeslagverhoudings. Net so is die ignorering van die Skrif se voorskrifte oor die hantering van hofsake ook 'n rede tot kommer.
- c) Gesprekke met Hillsong is op hierdie stadium bloot verkennend en geen detail oor die aard van enige moontlike samewerking is met hulle bespreek nie. Daar is geen ooreenkoms met hulle gesluit nie. Hillsong het MPG genader met 'n versoek om 'n lokaal te huur en dit is hoe die gesprekvoering ontstaan het. Hierdie proses en besluit is vir eers op ys geplaas.

5. Die proses

'n Proses is begin om ondersoek in te stel oor wat die gevolge sou wees van 'n besluit om die NG Kerkverband te verlaat. Ons is oortuig dat hierdie proses in liefde, vrede en nederigheid moet geskied, en dat ons al ons bekommernisse met die leiers van die NG Kerk moet deel. Indien daar nie oplossings is of veranderings gaan plaasvind nie, sal ons dit sterk oorweeg om uit die NG Kerkverband te tree. Hierdie besluit sal ten alle tye in oorleg met die gemeente geneem word.

Die Bybel stipuleer duidelik dat ons, as gelowiges, 'n pad van liefde moet stap en dus eers in gesprek moet tree voor ons 'n finale besluit neem. Binne die NG Kerk bly ons 'n familie en is dit die rede waarom ons eers met die gesin (gemeente) gepraat het (en steeds praat), asook met die familie (Ring van Elarduspark en Oostelike Sinode). Ongelukkig is baie van die beriggewing deur die media geskoei op aannames en mense se sienings wat nie die waarheid is nie en ook nie deur ons as leierskap gekommunikeer is nie.

Die proses tot dusver en in die nabye toekoms is soos volg:

- a) Die eerste gesprek op 7 Mei 2019 het plaasgevind tussen die leierskap van MPG en lede van die Moderatuur insluitende die voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen van die NG Kerk, dr Nelis Janse van Rensburg. Die Algemene Sinode/Moderamen hanteer nie gemeentesake nie, dus was die gesprekke meer in 'n persoonlike hoedanigheid as amptelik (Gemeente aangeleenthede word deur die Ring en Streeksinode hanteer). Ons kon ons bekommernisse deel en dit was 'n sinvolle gesprek wat in goeie gees plaasgevind het.
- b) Die eerste samesprekings met die Ring van Elarduspark is gehou op Vrydag 10 Mei 2019. Die afgevaardigdes het aangedui dat hulle nie alles verstaan nie, en nie in alle aspekte ons sentiment deel nie, maar dat hulle ons respekteer en kan sien dat ons die pad met integriteit stap. Hulle het aangedui dat hulle verdere

**Moreletapark Gemeente Inligtingstuk:
Proses rakende die toekoms van Moreletapark Gemeente
Mei 2019**

gesprekke wil voer en het bevestig dat daar wedersydse aanvaarding sal wees, ongeag die besluit wat MPG neem.

- c) 'n Vergadering het op 23 Mei 2019 met die Oostelike Sinode plaasgevind. Weereens kon ons ons bekommernisse deel en wag ons vir terugvoer van hulle.
- d) 'n Kerkraadsvergadering vind op 13 Junie 2019 plaas waar die hele aangeleentheid ter tafel is en 'n besluit oor die verdere proses geneem sal word. MPG poog om op hierdie stadium binne die reëls soos voorgestel deur die kerkorde op te tree.

Die Kerkregdiensgroep het MPG adviseer dat hierdie aangeleentheid binne die kerkverband op die volgende drie moontlike maniere hanteer moet word:

- a. Die eerste is om uit die NG Kerk te tree. Kerkordelik kan 'n Gemeente dit egter nie as gemeente doen nie. Die Leraars sal moet bedank uit die NG Kerk waarna 'n nuwe onafhanklike gemeente gestig sal moet word met die lidmate wat ook dieselfde proses volg. In dié geval is die leraars se bevoegdheid, MPG se geboue en die bankrekening in gedrang. Laasgenoemde twee bly binne die NG Kerk terwyl die Leraars hulle bevoegdheid binne die NG Kerkverband verloor en nie verder binne die NG Kerk aansoek kan doen vir ander poste nie.
- b. Die tweede is waar ons as gemeente doleer. Dit beteken dat MPG binne die NG Kerk bly, maar in 'n staat van treur gaan oor wat in die NG Kerk aan die gebeur is en daarmee 'n dispuut verklaar. Formele gesprekke word aan die gang gesit waarin ons die sake wat ons bekommer, aanspreek. Die NG Kerk moet dan aandui of hulle daaraan aandag gaan gee of nie. Die besluit of ons uit die NG Kerk tree kan dan later geneem word. In dié geval kan ander gemeentes, wat met ons saamstem, by ons aansluit en saam met ons doleer.
- c. Derdens kan 'n buitengewone Oostelike Sinode Sitting geroep word waartydens slegs hierdie een saak *in camera* hanteer word. Al die gemeentes in die Oostelike Sinode se verteenwoordigers word dan uitgenooi om die Sitting by te woon. In dié geval kan die Oostelike Sinode een van drie besluite neem nl.:
 - i. Hulle hoor MPG maar stem nie saam nie en gaan aan soos wat hulle tans doen. MPG gaan dan voort om onafhanklik van die ander gemeentes binne die sinode 'n besluit te neem oor die gemeente se toekoms.
 - ii. Die Oostelike Sinode kan besluit om te doleer. Hierdie situasie sal meer gewig dra in verdere gesprekke as wanneer net een gemeente doleer.
 - iii. Die Oostelike Sinode kan besluit om uit die NG Kerk te bedank en die hele Oostelike Sinode en die gemeentes onder hulle skuif dan uit die NG Kerkverband uit. In die laaste twee gevalle kan die gemeentes wat nie met die Oostelike Sinode saamstem nie, by ander Sinodes aansluit, indien hulle sou verkies, aangesien die hele proses op 'n meerderheid-stem basis werk.

Hierdie proses kan lank neem en is ons onseker teen wanneer dit afgehandel sou kon wees. Ons gaan egter nie afsien van ons bekommernisse nie en die pad stap om by 'n oplossing te kom, wat uiteindelik sou kon beteken dat ons die NG Kerkverband verlaat.

Soos op 14 Junie 2019, terugvoer n.a.v. Kerkraadsvergadering:

**Moreletapark Gemeente Inligtingstuk:
Proses rakende die toekoms van Moreletapark Gemeente
Mei 2019**

Na afloop van Moreletapark Gemeente (MPG) se gesprekke met ons familie (Gemeentelede, Ring van Elarduspark en die Oostelike Sinode), waar al die partye ingelig is oor MPG se bekommernisse / besware, het die Kerkraad van MPG op 13 Junie 2019 tydens 'n amptelike Kerkraadsvergadering die saak bespreek.

Die uitkoms van die vergadering was soos volg:

- Om nie onmiddelik 'n besluit te neem oor die volgende stap aangaande ons posisie binne die NG kerkverband nie;
- Om eers in liefde die pad van gesprekvoering met die NG Kerkverband te stap alvorens ander opsies oorweeg sal word;
- Om 'n proses te volg wat o.a. die volgende insluit
 - o 'n versoek om via die kerklike strukture en prosesse die bekommernisse van teologiese opleiding by ons kweekskole en Kuratoriums te ondersoek.
 - o 'n voorgestelde gespreksgeleentheid met ander NG gemeentes.
- Om te onderneem om die gemeente op hoogte te hou met die verloop van sake.

Ons wil in gehoorsaamheid op die roeping van die Here vir ons gemeente bly fokus.

Dankie vir u geduld met die proses en bid asseblief saam met ons dat die Here duidelik vir ons die pad vorentoe sal aanwys.

Soos wat daar enige nuwe en addisionele inligting van belang beskikbaar word, sal dit onverwyld met die Gemeente gekommunikeer word. Die persone wat deur die Kerkraad afgevaardig is om met die pers in gesprek te tree namens die Gemeente is die Geestelike Leier: Pieter Badenhorst en die Bedryfshoof: Pieter Breytenbach. Enige navrae kan aan hulle gerig word by toekoms@moreleta.co.za of 012-997 8000.